

Toekomsberaad oor onderwys – 31 Augustus 2016

Openbare en onafhanklike skole, 'n plussom

Dr. Dirk Hermann – Bestuurshoof Solidariteit

In 2001 het die veelbesproke Gerwel-verslag oor Afrikaans by universiteite uitgelek. Die aanbeveling was kortliks dat twee universiteite Afrikaans moet bly, die Universiteit Stellenbosch en die Potchefstroomse Universiteit. In daardie stadium was die bedreiging vir Afrikaans geensins akuit nie. Die teendeel was waar. Geen universiteit wou afstand doen van Afrikaans nie en die verslag se aanbevelings kon nie neerslag vind nie omdat die rektore self weerstand gebied het. Die voormalige UP-rektor, Johan van Zyl, het hul verwerping van die Gerwel-verslag soos volg verduidelik:

Die punt is dat die Afrikaanse universiteite, gegewe die besondere omstandighede 'n strategie in plek gehad het om Afrikaans te beskerm en te koester. En anders as wat prof. Van Wyk (rektor van US) wil beweer, was daar eenstemmigheid onder die rektore by die gesprek waarna hy verwys, naamlik dat niemand bereid was om Afrikaans prys te gee nie en dat almal hul verbind het om Afrikaans as voertaal te beskerm. Almal wou Afrikaans beskerm, elkeen op sy manier.

Vyftien jaar gelede bied Tukkies en Kovsies weerstand teen die gevaar dat Afrikaans by dié universiteite afgeskaf gaan word en die US verwelkom die planne om hom as Afrikaanse Universiteit te verskans. Vandag is al die universiteite in hofsake met Solidariteit en AfriForum gewikkel om hul planne om Afrikaans af te skaf, te verdedig.

Die regering se ideologiese obsessie met rassevertegenwoordigheid het hulle ingehaal. Afrikaans by staatsuniversiteite is net nie deel van die regering se ideologiese momentum nie. Primêr gaan dit nie oor 'n stryd tussen Afrikaans en Engels nie, maar oor die waardes geassosieer met Afrikaans wat in die pad staan van Afrikanisering of 'n gedekolonialiseerde universiteit. Die Afrikaanse gemeenskap het die stryd verskraal tot 'n taalstryd, terwyl die regering besig is met 'n baie dieper ideestryd.

In hierdie “veilige tyd” van Afrikaans in 2001 het Flip Buys een oggend vir ons gesê: “Ons moet 'n Universiteit bou.” 'n Onmoontlike opdrag. Gemeenskappe bou nie universiteite nie; state bou universiteite. Ons was gekonfronteer met koste, kwaliteit, die regulatoriese omgewing, kurrikulum. Marthinus Visser, uitvoerende hoof van Akademia, het die nuwe universiteit seker 15 keer deur voorleggings “gebou”.

Ons het aanvanklik 'n aandeel in 'n bestaande instelling gekoop, dit weer verkoop en nuut begin bou. Die groot veranderlike wat toegetree het, was tegnologie. Ons het tegnologie ontdek wat die afstand uit afstandleer haal – ons het interaktiewe videotegnologie wat deur globale maatskappye gebruik word, vir die eerste keer vir onderwys aangewend. Ons kon grade teen dieselfde koste, of effens goedkoper, as gesubsidieerde staatsuniversiteite aanbied. Ons kon 'n nuwe universiteit begin bou: bekostigbaar, toeganklik, wêreldklas, Afrikaans. Dit het ons 15 jaar geneem om behoorlik te begin en dit gaan ons nog 15 jaar neem om langs die voorste universiteite in die wêreld te staan.

In dieselfde 15 jaar was Solidariteit en AfriForum aan die voorfront vir die beskerming van Afrikaans. Ons is verkies op universiteitsrade, het deelgeneem aan studenteraadverkieings, het aan forums en die openbare gesprek deelgeneem, en uiteindelik litigeer ons teen verskeie universiteite. Net so hard as wat ons veg om Afrikaans by bestaande universiteite te beskerm,

bou ons aan 'n nuwe universiteit. Ons bou ook nie bloot 'n Afrikaanse universiteit nie; ons bou 'n universiteit met waardes wat Afrikaans omvou. Ons veg nie 'n ideegeveg met 'n taalstryd nie.

Daar is elemente van bogenoemde gevallestudie wat ons op skole van toepassing kan maak. Baie van ons skole is nog in 'n relatiewe veilige omgewing. Om te praat van onafhanklike skole is buite baie van ons se verwysingsraamwerk. Ons Afrikaanse skole is nog wêreldklas. Soos iemand op 'n dag aan my genoem het: "Ek kan dit nie in my 'mind inscheme' nie." Om te praat van Afrikaanse openbare skole is bykans iets van 'n oorgawe en ons mag nie afstand doen van ons regte nie. Dit is amper of onafhanklike skole teen openbare skole geplaas word.

Ek is ook in daardie denkskool. Ons mag nie 'n duit terugstaan vir ons openbare skole nie. Ons mag nie korttermyn toegewings maak wat dodelike langtermyn gevolge gaan hê nie. Dit gaan nie net oor Afrikaans nie; dit gaan oor 'n waardestelsel wat Afrikaans omvou. Ons moet ons openbare skole beskerm.

Daar is een groot veranderlike by skole wat nie by universiteite aanwesig is nie en dit is ouers. Afrikaanse skole word deur ouerbetrokkenheid gekenmerk. Gemeenskapsleiers is nog lede van beheerliggame. Daar is 'n pakt tussen die skoolhoof en die ouers. Ouers help insamel, bou sportvelde gee iets ekstra. Afrikaanse skole is uitnemend, natuurlik danksy roepinggedrewe onderwysers, maar ook danksy betrokke ouers.

Afrikaans ouers het die idee van openbare skole gesnap. Ons het nie ons skole bloot aan die staat uitgekonnekteer nie. Ons ouers is betrokke. Daarom is die strategie vir selfstandigheid van openbare skole, wat Melanie Buys aangebied het, so belangrik.

Die krag van ouers is die onbenutte instrument van Afrikaanse skole in die beskerming van die skole. Ons as ouers moet geaktiveer word om skole te beskerm. Ons sal in duisende opdaag by 'n wildsbraai, skenkings maak, kaartjies koop, gras plant, pawiljoene verf en 'n saal volpak as die Boerenootjies bedreig word. Ons sal al die elemente van die skool beskerm, maar ons moet die skool ook beskerm. Ons sal moet leer om ook in massas saam te staan en te sê: "Aan ons skool vat julle nie." Hoekom moet ons dit doen? Wat ons mag? Wat ons soms kortkom, is die wil om iets te doen. Indien ons nie ons ideeruites opneem nie, word daardie vakuum deur die staatsidee gevul. Daar is nie neutrale ruimtes nie. Ons sal 'n pakt met beheerliggame en skoolhoofde moet sluit om ons skool te beskerm. Nie net taal nie, maar ook etos. Moet nooit die skolestryd verskraal tot 'n taalstryd nie.

Ons mag egter nie naïef wees nie; ons moet beplan om te bou ook. Afrikaanse skole is nie in die ideologiese momentum van die staat nie. Lesufi is nie 'n gek amptenaar nie – hy verwoord net die regeringsideologie baie eksplisiet, maar hy is nie buite die regering se ideologiese momentum nie.

Onafhanklike skole gaan 'n groterwordende rol in Afrikaanse opvoeding begin speel. Volgens die Centre for Development and Enterprise (CDE) gaan onafhanklike skole in die algemeen 'n groter rol in Suid-Afrika speel. In Suid-Afrika is daar 56 6194 leerlinge en 36 480 onderwysers in 1 786 onafhanklike skole. Die meeste onafhanklike skole is in Gauteng, naamlik 700.

Die rede vir die verwagting dat onafhanklike skole 'n groterwordende rol gaan speel, is dat die staat oor die algemeen al hoe meer gaan sukkel om gehalte onderwys te lewer. Volgens die CDE sal veral laekoste- privaat onderwys 'n groot rol speel. Daar is 'n beduidende groei in dié soort skole in ander lande in Afrika, sowel as in Indië, Pakistan en Suid-Afrika, tesame met vele ander lande. Volgens die CDE word tegnologie by sommige onafhanklike skole gebruik om koste laag te hou en die gehalte van onderrig te verhoog

Die Afrikaanse gemeenskap het daarin geslaag om hul openbare skole 'n groot mate van selfstandigheid te gee en ons moet dit beskerm. Groot dele van die begroting van openbare skole kom uit die ouergemeenskap. Afrikaanse skole is suksesvol ten spyte van die staat. De facto is talle skole bykans reeds geprivatiseer. Die idee van onafhanklike skole gaan dalk glad nie so vreemd en onmoontlik wees wanneer ons daarmee gekonfronteer word nie. Afrikaanse ouers weet reeds hoe om 'n wêreldklas Afrikaanse skool te help bou.

Die kritieke suksesfaktore vir suksesvolle onafhanklike skole sluit die volgende in:

- **Begroning**

Opvoeding is nooit neutraal nie. Die staat wil ook nie neutrale openbare skole hê nie. Lesufi het 'n goed gedefinieerde staatsideologie wat hy in kurrikulum en praktyk wil laat neerslag vind. Die Solidariteit Beweging sal soek na 'n antwoord wat op eenvoudige Christelike begrotingsbegrippe staan, soos roeping, werk en verantwoordelikheid.

- **Moedertaalonderrig**

Daar is konsensus dat die beste vorm van onderrig moedertaalonderrig is. Dit geld nie net vir die laer grade nie. Moeilike abstrakte begrippe soos wiskunde word net soveel beter in 'n moedertaal onderrig. Dit gaan egter nie net bloot oor Afrikaans nie, maar ook oor die waardes en etiek wat Afrikaanse onderrig tradisioneel omvou.

- **Kurrikulum**

In skole is kurrikulum koning. Kurrikulum is nie net in die klaskamer nie, maar alles wat die opvoeding van die leerling omvat, insluitende buitemuurse aktiwiteite.

- **Uitnemendheid.**

Afrikaanse skole het 'n kultuur van uitnemendheid. 'n Goeie voorbeeld is die internasionale Timss-studie wat Wiskunde-prestasies wêreldwyd vergelyk. Suid-Afrika in sy geheel kom laaste, maar Afrikaanse skole val onder die top 10 lande ter wêreld en presteer beter as die lande waarheen talle Afrikaners emigreer.

- **Bekostigbaarheid**

Onafhanklike skole kan nie bloot 'n elite antwoord gee nie. Daar sal gesoek moet word na modelle wat 'n balans vind tussen uitnemendheid en bekostigbaarheid.

- **Finansiële volhoubaarheid**

'n Volhoubare model moet gevind word. Die strewe na uitnemendheid mag nie opgeoffer word nie.

- **Gemeenskapsbetrokkenheid**

Afrikaanse onafhanklike skole se sukses gaan nie bloot afhang van onderwysers en ouers nie, maar van die gemeenskap. Dit is nie vreemd in die Afrikaans DNA nie. Talle van ons skole was niks anders as gemeenskapskole nie. Volksskool Heidelberg het sy ontstaan onder die kelder van 'n kerk gehad waar daar na die Anglo-Boeroorlog onderrig aan weeskinders gegee is.

- **Gehalte-onderwysers (werwing en ontwikkeling)**

Die 2007-McKinsey-verslag oor onderwys van wêreldgehalte lig die belangrikheid van goeie onderwysers pertinent uit. Terloops, dit is een van die groot redes waarom Afrikaanse skole toppresterders in 'n wêreldkonteks is.

- **Effektiewe stelsels wat onderrig versterk**

Tegnologiese hulpmiddels en stelsels rondom onderwys ontplof en ons moet op die voorpunt daarvan bly sonder om geslagte se didaktiese waarhede verlore te laat gaan.

- **Goeie leierskap en bestuur van skole**

Net soos in enige maatskappy is dit steeds die kritieke suksesfaktor vir suksesvolle skole.

- **Netwerke**

Die CDE is ook van mening dat netwerke van onafhanklike skole die stelsel meer bekostigbaar maak weens hulpbronne wat gedeel word.

- **Eksaminering.**

Die keuse van 'n eksamenraad is steeds 'n kritieke faktor vir onafhanklike skole.

Die Solidariteit Beweging het besluit om 'n taakspan van kenners aan te wys om onafhanklike Afrikaanse onderwys verder te ondersoek. Bestaande modelle sal ook ondersoek word. Dit sluit in die CVO-skole wat ongelooflike werk doen en uitstekende kurrikulum ontwikkel het, die gereformeerde ICO-skole, onafhanklike skole wat nie in netwerke staan nie, die ou model A-skole, Curro-skole, elite Engelse skole, Afrikaanse skole in Namibië en vele meer. Die doel is nie om wonderlike werk wat reeds gedoen word, te dupliseer nie, maar om te kyk waar ons kan aanvul of help en om ons institusionele kennis beskikbaar te stel sodat ons, waar nodig, ook wêreldgehalte Afrikaanse onderwys, onafhanklik van die staat, kan lewer.

In sekere dele van Suid-Afrika, veral buite die groot stede, is die krisis van Afrikaanse onderwys akute. Ons het nog nie bevredigende antwoorde daarvoor nie. Ons gaan in ons ondersoek daarna ook kyk en spesifiek wat die rol van tegnologie kan wees om buite die stedelike omgewings waar die konsentrasie van Afrikaanse skoolkinders laag is, wêreldklas bekostigbare Afrikaanse onderwys te kan gee.

Ek som op. Ons moet ons openbare skole beskerm asof daar geen alternatief is nie. Ons mag nie korttermyn toegewings maak wat oor die langtermyn vernietigende gevolge gaan hê nie. Afrikaanse ouers moet beseft dat skole beskerm moet word en nie net elemente van skole nie. Ouers moet gemobiliseer word om te sê: "Ons staan nie 'n duit terug nie." Soos ons in Melanie Buys se aanbieding gesien het, moet ons ons openbare skole se arms sterk hou om so selfstandig as moontlik te wees. Ons moet begin om die ideestryd te veg en nie bloot die taalstryd nie. Die mag van die staat moet met die krag van die gemeenskap uitgedaag word. Ons moet ook beseft dat Afrikaans buite die ideologiese momentum van die staat staan en dat Afrikaanse skole al as prys betaal is. Demografiese werklikhede eis ook sy Afrikaanse tol. Onafhanklike skole gaan in die algemeen, maar veral in die Afrikaanse wêreld, 'n groterwordende rol speel. Die Afrikaanse gemeenskap, insluitende kerke, moet betrokke raak. Openbare en onafhanklike skole moet nie teenoor mekaar staan nie, maar moet mekaar aanvul binne werklikhede wat ontstaan. Soos daar wêreldklas openbare skole bestaan, moet daar sorg gedra word dat, waar dit nodig is, gapings gevul word met wêreldklas onafhanklike skole. Sodoende gaan ons seker maak dat ons kinders se kinders wêreldklas onderrig in Afrikaans gaan ontvang.

Ek sien dus openbare en onafhanklike Afrikaanse skole nie as teenoor mekaar opgestel nie, maar as 'n plussom waar $1 + 1 = 3$ is.